Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 16/2018 **27 Augustus 2018**

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag:

1. **Lentedag, 31 Augustus**

   Ons wil graag Lentedag op 31 Augustus vier deur na mense in nood uit te reik. Die leerders mag eerskomende Vrydag gewone klere aantrek en 'n blikkie nie-bederfbare kos, rys of pasta saambring skool toe. Hierdie voedsel sal aan die SAVF geskenk word, sodat hulpbehoewende gesinne gehelp kan word. Indien daar enige uitdaging is om 'n blikkie nie-bederfbare kos ensovoorts skool toe te stuur, vra ons vriendelik dat u dit onder u kind se voogonderwyser se aandag sal bring. Die leerders wat gereël het sal dan nogsteeds gewone klere kan aantrek.

2. **Produksie 2000**

   Die talentvolle toneelgroep besoek ons skool op Donderdag, 6 September. Hierdie toneel se naam is "Die legkaart" en baie kosbare lewenslesse word geleer met opvoering. Leerders kan solank R10 by hul voogonderwysers inbetaal vir hierdie opvoering.

3. **Entrepreneursdag – Graad 7**

   As deel van die Graad 7 EBW-leerplan, het die graad 7 leerders jaarliks 'n Entrepreneursdag-navorsing. Bemarking, finansiële state en verkope maak deel uit van hierdie projek. Ons vra dus ons leerders se ondersteuning by die graad 7-stalletjies op Vrydag, 7 September tussen 09:00 en 11:00. Geen ouers sal op die terrein toegelaat word nie.

4. **Loslitdag**

   Vrydag, 7 September is dit Nasionale Loslitdag. Kaartjies vir hierdie dag is by die skool te koop teen R10. Hierdie geld word nét so oorbetaal aan Rotara-skool. Die tema hierdie jaar is "Superhero." Die leerders wat kaartjies koop, mag dan Vrydag, 7 September soos 'n "Superhero" aantrek. Dit is glad nie verpligtend nie.

5. **Hokkie, krieket en tennis**

   Baie dankie aan al die afrigters en leerders wat so getrou oefen en baie goed presteer in hul onderskeie ligas. Die krieket- en tennisligas is nog besig, terwyl die hokkie besig is met uitspele.

   Baie geluk dan ook aan die o/10, o/11, o/12 en o/13 hokkiespanne wat deurgedring het na die kwart-finale. Hierdie wedstryde word op Dinsdag, 28 Augustus beslis by Krugersdorp High.

   Krieketwedstryde teen Toekomsrus, Entukweni, Protearif en Bekker lê nog voor. Sterkte aan die seuns daarmee.

   Die tennisliga op Vrydae gaan ook nog voort tot 14 September.

admin@dagbreek.co.za

6. Revue

Die revue-optredes vind plaas op 25, 26 en 27 September in ons skoolsaal. Kaartjies vir "Dagbreek Skouspel" is vanaf 3 September beskikbaar by Me. Marinda de Bruin in die kantoor teen R50 per sitplek. Moenie hierdie spoggeleentheid misloop nie.

7. "High-Tea" 25 Augustus

Baie dankie vir elkeen se ondersteuning om van hierdie geleentheid 'n reuse sukses te maak. Dit was 'n pragtige oggend en ek glo elkeen het as 'n ryker mens daar uitgestap.

Baie dankie aan die gasvrouens, borge en Me. Lindia Nel wat die dag moontlik gemaak het.

8. Vodacom-toring

U het seker die gewerskaf op ons terrein op die hoek van Suid- en Olivinestraat gesien. Daar gaan 'n Vodacom-toring opgerig word, wat dan ook 'n maandelikse inkomste vir die skool sal genereer.

9. Belangrike datums

28 Augustus	Hokkie uitspele – Krugersdorp High Krieket o/11 teen Toekomsrus (tuis)
30 Augustus	Hokkie uitspele Krieket 1ste span teen Toekomsrus (tuis)
31 Augustus	Lentedag Tennisliga in Randfontein
4 September	Hokkie uitspele
6 September	Me. Geline van Zyl verjaar Produksie 2000 Beheerliggaamvergadering
7 September	Graad 7 Entrepreneursdag Loslitdag Tennisliga in Randfontein
11 September	Krieket o/11 teen Entukweni (tuis)
13 September	Graad R – Oupa- en Oumadag Krieket 1ste span teen Entukweni (tuis)
14 September	Tennisliga in Randfontein
15 September	Mini-hokkie by Kenmare
17 September	Me. Shané van Zyl verjaar

Vriendelike groete

P v Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof